# Wegbreeksessies

# deurtrap aktuele bedryfsaangeleenthede

SA GRAAN/GRAIN REDAKSIE

'n Nuwe koringverhandelingskontrak sal nog hierdie jaar deur die JSE ingestel word en saam daarmee word die Paarl as die nuwe verwysingspunt vir die suide en vir die nuwe kontrak voorgestel.

Hierdie nuwe verwikkeling is tydens die Wegbreeksessies op vanjaar se Graan SA Kongres aan produsente by die Wintergraansessie bespreek.

By die Sonneblomsessie is onder meer kundige inligting oor die voor- en nadele van hoë oleïensuurinhoud voorsien en bespreek, terwyl opwindende nuus oor bio-etanol-aanlegte by Cradock en ook Bothaville, aan deelnemers by die Sorghum-sessie bekend gemaak is. Nuwe persaanlegte vir sojabone was nuus by die Sojaboon-sessie.

Probleme met saad en kultivarkeuses het veral aandag gekry by die Grondbonesessie.



Wintergraanwegbreeksessie

## Wintergraan

Mnr Andries Theron tree as voorsitter op. 'n Oomblik van stilte word gevra ter herinnering aan mnr Pieter Pretorius, voormalige voorsitter van die Wintergraan Spesialis Werkgroep, wat gedurende die jaar oorlede is.

Mnr Dissie Kruger, hoofbestuurslid vir Streek 25, gee terugvoer oor die ondersoek na die moontlike implementering van 'n glyskaal-vergoedingstelsel. Ná oorweging van verskeie faktore, is die gevolgtrekking gemaak dat dat die implementering van die model by graansilo-eienaars moeilik haalbaar sal wees.

### Proteïenkwaliteitnavorsing

Prof Maryke Labuschagne, van die Universiteit van die Vrystaat, lewer 'n voorlegging oor proteïenkwaliteit. In haar navorsing is bevind dat 'n kultivar met 'n hoë proteïenkwaliteit teenoor een met 'n laer proteïenkwaliteit, maar met dieselfde proteïeninhoud, dieselfde resultate in die bakproses kan behaal. Die sessie versoek prof Labuschagne om 'n navorsingsaansoek by die Wintergraantrust in te dien ten opsigte van kultivarevaluering (proteïenkwaliteit) en die potensiële voordele en toepassing in die koringwaardeketting.

### Optimale afsnypunte

Graan SA het ná 'n deeglike ondersoek oor die huidige afsnypunte tussen grade, tot die gevolgtrekking gekom dat tipiese proteïenverlies so min is dat die verskil tussen die huidige graderingsregulasie en 'n aangepaste regulasie klein is en dit nie die moeite werd sal wees om veranderinge aan te bring nie.

### Kultivarvrystellingsnorme

Die kultivarvrystellingsnorme is hoog en opbrengs word daardeur beperk. Meulenaars kan ten spyte van die kultivarvrystellingsnorme wat vir binnelandse koringprodusente en -produksie geld, koring uit lande soos Argentinië invoer waar produksie nie aan soortgelyke norme onderworpe is nie. Graan SA is ten gunste van meer gunstige kultivarvrystellingsnorme.

### Fisiese markaangeleenthede

Graan SA het aansoek gedoen dat die gekontrakteerde toekomstige uitvoervolumes statutêr bekend gemaak word. Die aansoek word eersdaags deur die Minister van Landbou vir goedkeuring oorweeg.

### Kaapse koringkontrak

Die JSE sal eersdaags 'n Kaapse koringkontrak instel wat reeds vir Desember 2012-lewering sal begin verhandel. Dit is egter nodig dat silo-opbergers leweringspunte vir hierdie kontrak registreer. Die hoop word uitgespreek dat die Kaapse koringkontrak met 'n kwaliteitspremie teenoor die Randfontein-kontrak sal verhandel. Produsente in die Wes-Kaap is van mening dat indien leweringspunte nasionaal geregistreer word, dit daartoe kan lei dat 'n kwaliteitspremie vir Kaapse koring nie op die kontrak sal reflekteer nie.

Die vergadering vra dat Graan SA die JSE amptelik versoek om slegs die instelling van liggingsdifferensiale in die Wes-Kaap op die Kaapse koringkontrak te oorweeg. Beoogde veranderings deur die JSE in die verhandeling van silosertifikate is ook bekend gemaak.

## Safex-verwysingspunt

Die JSE het die verwysingspunt, wat tans Randfontein is, vir alle kommoditeite (koring, witmielies, geelmielies, sorghum, sojabone en sonneblom) geherevalueer. Nadat inligting wyd versamel is, het die JSE besluit om Randfontein as die noordelike verhandelingspunt te behou en Paarl as die nuwe verwysingspunt vir die suide vir die nuwe Kaapse koringkontrak te gebruik.

## Koring-invoertarief

Die koringtarief is onvoldoende om die invoere van koring uit lande wat hul produsente subsidieer te beperk. Plaaslike pryse is, ten spyte daarvan dat koring teen invoerpariteitsprysvlakke verhandel, te laag om die produksie van koring te stimuleer. Graan SA dien weer 'n koringtariefaansoek in.

## Mededingingswet

As gevolg van die agteruitgang in die koringbedryf en die negatiewe gevolge wat dit ook vir die garsbedryf inhou, is 'n versoek ontvang om vir vrystelling onder die Wet aansoek te doen. Die kanolabedryf het versoek om by die aansoek ingesluit te word.

## Produksie en insette

Die statutêre heffing vir navorsing beloop tans R15/ton vir die jaar tot 30 September 2012, R16/ton vir die jaar tot 30 September 2013 en R17/ton vir die jaar tot 30 September 2014. Die koringbedryf sal vorentoe opnuut moet besluit oor die voortsetting van die statutêre heffings.

## Nuwe gradering

Na aanleiding van insette deur Wes-Kaapse produsente, versoek die sessie dat Graan SA die ontwikkeling van 'n Klas Ander Koring vir die voermark bevorder.

## Kanolabedryf

Na bespreking oor die beskikbaarheid van saad, het kanolaprodusente versoek dat Graan SA ondersoek instel na die beskikbaarheid en evaluering van kanolasaad uit lande soos Kanada en Brasilië en ook na die evaluering van ingevoerde saad.

## Kanolapaspoort

Dank word teenoor Graan SA uitgespreek oor die vordering wat gemaak is met die registrasie van nuwe chemiese middels vir die kanolabedryf. Die sessie versoek dat Graan SA die jongste middels vir die Kanolapaspoort met landboubesighede, soos SOILL, bespreek.


## Roundup Ready kanola

Produsente spreek hul behoeftes uit ten gunste van Roundup Ready kanola se registrasie en verbouing in Suid-Afrika. Die sessie versoek dat die registrasie van Roundup Ready kanola deurgevoer word.

## Nuwe knelpunte

Produsente het rypskade op die Springbokvlakte ervaar en daar heers ongelukkigheid oor die wyse waarvolgens rypskade volgens die graderingsregulasies vasgestel word. Die aangeleentheid word vir hantering na die Wintergraan Spesialis Werkgroep verwys.

**Vervolg op bladsy 20**



# Wegbreeksessies **deurtrap aktuele bedryfsaangeleenthede**

**Vervolg van bladsy 19**


Sonneblomwegbreeksessie

## Sonneblomme

Die voorsitter, mnr Gert Pretorius, noem dat dit sy laaste Kongres as voorsitter van die Sonneblomwegbreekgroep is.

### Bespreking

Mnr Chris Slabbert, van Wilmar Continental Edible Fats and Oils, spreek die sessie toe oor die sonneblomoliemark met spesiale aandag aan heersende bekommernisse by verwerkers. Aangesien die oppervlakte onder sonneblom beplant sedert verlede seisoen afgeneem het, is daar kwelling dat verwerkingsaanlegte teen Oktober 2012 uit sonneblomvoorraad kan raak en dit 'n invloed op sonneblomoliepryse kan hê. Die vergadering versoek dat die graderingsregulasies tussen landboubesighede ondersoek moet word om dit te standaardiseer.

### Hoë oleïensuur-sonneblom

Mnr Jannie Botma, 'n produsent van Bothaville, spreek die vergadering toe oor die voor- en nadele van hoë oleïensuurinhoud. Hy wys daarop dat afgesien van die voordele wat hoë oleïensuursonneblom inhou, die gemiddelde opbrengs sowat 30% laer as konvensionele tipes is. Die vraag kan dus ontstaan of dit tot produsente se voordeel is om hoë oleïensuursonneblom aan te plant en of mid-oleïensuurkultivars nie 'n beter opsie is nie.

Mnr Andries Wessels van Agricol noem dat mid- en hoë oleïensuursonneblom dieselfde beperkings ten opsigte van opbrengs inhou en dat saadmaatskappye reeds vordering maak om die tradisionele opbrengsagterstand van hoë oleïensuurkultivars grootliks uit te wis.

Kennis word onder meer geneem dat hoë oleïensuursonneblom as 'n nismark gesien moet word en dat kopers bereid kan wees om 'n premie daarvoor te betaal.

### Liggingsdifferensiaal

Me Petru Fourie, ekonoom: Bedryfsdienste, Graan SA, rapporteer dat sonneblomsaad se liggingsdifferensiale vir die 2012/2013-bemarkingseisoen reeds afgekondig is. Sy noem verder dat aangesien nie al die landboubesighede die afskaffing van die liggingsdifferensiaal ondersteun nie, Graan SA poog om dit so klein moontlik te hou.

Die sessie besluit eenparig dat Graan SA 'n klag by die Mededingingskommissie moet lê met betrekking tot die liggingsdifferensiaal.

### Produksie

Dr Andre Nel, van die LNR-IGG, rapporteer dat daar min navorsingsprojekte op sonneblom is. Die wegbreeksessie versoek dr Nel om terugvoer oor die stikstofbemestingsprojek te doen. Daar word ook versoek dat 'n artikel oor mikro-element-bemesting van sonneblom in *SA Graan/Grain* (*kyk daarvoor uit op bladsy 56 van die uitgawe*) gepubliseer moet word.

### Kultivars

Mnr Andries Wessels en mnr Johan Potgieter van Pannar het die vergadering toegespreek oor die onderskeie saadmaatskappye se nuutste kultivars wat in die nabye toekoms verwag kan word.

### Sclerotinia

Dr Jos de Kock, van die Proteïennavorsingstigting (PNS), het die vergadering oor die Sclerotinia-swam toegespreek. Hy het produsente aangemoedig om deel te neem aan die vraelyste wat deur die Oesskattingskomitee uitgestuur word, sodat die werklike impak van Sclerotinia op sonneblom bepaal kan word.

### Nuwe knelpunte

#### *Springhaasrotte*

Melding word gemaak dat springhaasrotte 'n ernstige probleem is en skade aan oeste rig. Kommer word uitgespreek dat die plaag besig is om produsente se winste in sekere distrikte op te vreet en dat die saak aandag moet geniet. Oplossings in die verband is hoog op Graan SA se prioriteitslys.


Grondbonewegbreeksessie

## Grondbone

Mnr Theo Geldenhuys tree as voorsitter op.

### BFAP-verslag

Dr Marinda Visser, nuwe bestuurder: Bedryfsdienste by Graan SA, lig die groep in oor die Buro vir Voedsel- en Landbounavorsing (BFAP) se verslag met klem op markdeursigtigheid, navorsing en die kwynende getal grondboonprodusente sowel as die afname in produksie.

### Ontwikkelende boere

Die groep stem saam dat daar indringend gekyk sal moet word na bevordering van die grondboonbedryf onder ontwikkelende produsente.

### Produksie

Dr Graham Thompson (LNR-Veldgewasdivisie) lig die groep in dat produksie van telersaad goed op dreef is, terwyl samesprekings aan die gang is om ingevoerde kultivars behoorlik te evalueer.

Voorleggings word nou saamgestel ten einde befondsing te bekom vir die beoogde navorsingsprojek oor die kwaliteit van gesertifiseerde saad. Die projekvoorlegging oor die aalwurm-projek is gedoen en befondsing word ingewag. Geen nuwe knelpunte word deur die groep geïdentifiseer nie.


Sojaboonwegbreeksessie

# Sojabone

Mnr Frans Potgieter tree as voorsitter op.

## Nuwe aanlegte

Mnr Tollie Schoeman, van Noble, lewer 'n voorlegging oor dié maatskappy se beplande sojaboonpersaanleg by Standerton. Indien die aanleg 343 dae in 'n jaar loop, sal 686 000 ton sojabone per jaar gepers kan word. Die beplanning is dat die aanleg voor die einde van 2013 in produksie sal wees.

Mnr Frans van den Bergh, van Russelstone, lig die sessie in oor die aanleg wat sy maatskappy beplan. Dit sal by Bronkhorstspruit langs Afgri se silo's en naby die N4 opgerig word en sal 700 ton per dag of 240 000 ton sojabone per jaar kan verwerk. Daar word verwag dat die aanleg vroeg volgende jaar sal begin loop.

## Gehalte

Mnr Corné Louw, senior ekonoom: Bedryfsdienste, Graan SA, deel die Wegbreeksessie mee dat OPOT van hierdie seisoen af 'n projek by die SAGL finansier waardeur hulle die oeskwaliteit van sojabone op nasionale vlak gaan bepaal. Mnr Gerhard Scholtemeijer, van die PNS, noem dat hulle in samewering met AFMA besig is met 'n *ad hoc* projek waarmee hulle die oliekoekkwaliteit vanaf verskillende plaaslike aanlegte meet.

## Liggingsdifferensiaal

Louw noem dat dit Graan SA se amptelike standpunt is dat daar geen liggingsdifferensiaal moet wees nie, maar dat daar al meer druk vanaf rolspelers by die JSE is om 'n liggingsdifferensiaal vir sojabone in te stel.

## Terughouding van saad

Louw noem dat die Wet op Planttelersregte tans onder hersiening is. Oor 'n klousule in die wet wat produsente toelaat om hul eie graan terug te hou, is daar baie druk vanaf saadmaatskappye om dit verwyder te kry, maar Graan SA is van mening dat dit van kardinale

**Vervolg op bladsy 22**



# Wegbreeksessies **deurtrap aktuele bedryfsaangeleenthede**

**Vervolg van bladsy 21**

belang is dat dit behoue moet bly. Na aanleiding van verdere bespreking gee die wegbreeksessie goedkeuring aan Graan SA om saam met die res van die bedryf te kyk na 'n tipe finansieringsmodel om telers vir teruggehoude saad in die sojabedryf te vergoed.

## Nuwe navorsingsbehoeftes

Mnr Tertius de Jager, hoofbestuurslid vir Streek 24, spreek die behoefte uit dat sojanavorsing oor bemestingsbehoeftes, grondvrugbaarheid en verskillende wisselboustelsels met behulp van strookproewe gedoen moet word.

Scholtemeijer doen 'n beroep op Graan SA om te help om meer navorsingskapasiteit, spesifiek by die LNR-IGG, vir sojabone te skep. Hy spreek ook sy misnoeë uit dat Graan SA nie hul eie navorsing aan die res van die bedryf kommunikeer nie. Mnr Schalk Stapelberg, hoofbestuurslid vir Streek 14, en mnr Hannes Otto, hoofbestuurslid vir Streek 6, gee terugvoer oor die doelwitte en omvang van die geenbewerkingsprojek (*no-till*) wat in samewering met die Argentyne gedoen word. Hulle sê verder dat daar nog geen resultate van die projek is om te rapporteer nie aangesien dié projek eers in die huidige plantseisoen afgeskop het.



Sorghumwegbreeksessie

# Sorghum

Die voorsitter, mnr Louis Claassen, gee terugvoer oor die Spesiale Sorghumvergadering wat Graan SA op 10 Junie 2011 met die verwerkers en saadtelers gehad het om die afname in sorghumproduksie en markuitbreiding in Suider-Afrika en die ontwikkeling van nuwe kultivars te bespreek.

Hy wys onder meer daarop dat huidige kultivarvereistes deur moutvereistes bepaal word, maar dat die behoefte na hoër opbrengs kultivars wat vir maalbedryf geskik is, aan die toeneem is.

Mnr Barrett Schoeman, ekonoom: Bedryfsdienste, Graan SA, lig die wegbreeksessie in oor die kwessie van BTW op sorghum en sorghumprodukte. Graan SA het in Julie 2011 'n aansoek by die Nasionale Tesourie ingedien waarin die belangrikheid van 'n nulkoers-BTW op sorghum en sorghumprodukte beklemtoon is. Die aansoek is tans by die topbestuur van Nasionale Tesourie vir oorweging.

## Bio-etanol

Schoeman deel die vergadering mee dat mnr Rob Davies, Minister van Handel en Nywerheid, op 6 Maart, 13 projekte waarin R21,7 miljard belê gaan word, goedgekeur het. Twee van die projekte is in die biobrandstofsektor en een in agro-verwerking.

'n Inspuiting van R1,8 miljard is vir die biobrandstofprojek op Cradock goedgekeur om te verseker dat dit teen Mei 2014 met kommersiële vervaardiging kan begin.

Mnr Dries Booyens, van Pannar, rapporteer dat die aanleg van GM- en GL-kultivars gebruik kan maak in die vervaardiging van biobrandstof. Die aanleg gaan nagenoeg 240 000 ton sorghum benodig wanneer dit in produksie kom.

## SAGL-projek

Dr Wiana Louw van die Suider-Afrikaanse Graanlaboratorium (SAGL), gee terugvoer oor die gesprekke wat die SAGL en Graan SA gehad het om die parameters te bepaal vir die ontleding van kultivars vir bio-etanol-produksie. Die sessie neem kennis van die inligting en besluit onder meer dat die betaling van 'n premie aan produsente vir sorghum wat gelewer is met 'n hoë etanolopbrengs, oordink moet word.

## Ontwikkelende produsente

Schoeman deel die Wegbreeksessie mee dat Graan SA gaan poog om meer ontwikkelende produsente tot kommersiële produsente gevestig te kry. Ontwikkelende produsente moet egter meer betrokke raak by Graan SA spesialiswerkgroepe en studiegroepe in hulle omgewings om selfkennis te kan opbou.

## Spesiale ekonomiese sones

Schoeman rapporteer ook dat 'n konsepbeleid en wetsontwerp oor die ontwikkeling van Special Economic Zones (SEZ) opgestel en afgekondig is. Die fokus is op die vervaardigingsektor, agro-verwerking en ontwikkeling van landbou. Graan SA sal binnekort met mnr Stephen Hanival, hoofdirekteur: Agro-verwerking by die Departement van Handel en Nywerheid, gesprek voer oor waar bystand verleen kan word om die nodige doelwitte wat op veral landbou van toepassing is, te kan bereik.

## Nuwe knelpunte

Booyens versoek dat produsente daarop moet let om vooraf kontrakte met die verwerkers van sorghum te sluit voordat die produsent die kultivar kies om aan te plant.

Produsente spreek egter hulle kommer uit oor skade deur kwelea en duiwe en die gebrek aan voldoende vliegtuie om die plae te beheer. Die sessie neem kennis hiervan en versoek dat Graan SA duidelikheid moet verkry of die ringnekduif as 'n plaag beskou word en of die kransduif as 'n bedreigde spesie bestempel is. ■

***Terugvoer oor die Mielie Wegbreeksessie sal op 'n later geleentheid gegee word. Let daarop dat hierdie notules nog nie goedgekeur is nie. – Red.***